Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, April 23, 2023

Page: 16

# Demensie – maak só voorsiening

## Begin by die beste mediese fonds en beplan dan verder



Bruce Willis en Samuel L. Jackson in *Die Hard with a Vengeance*. | FOTO: GETTY IMAGES

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ons eie Nomzamo Mbatha is te sien in Bruce Willis se jongste fliek, *Assassin*, wat op Vrydag 5 Mei in Suid-Afrika uitgereik word.

Willis is die leier van 'n private militêre operasie wat 'n mikroskyfie ontwerp het wat die gebruiker daarvan toelaat om 'n ander se liggaam te beheer. Mbatha speel die rol van 'n vrou wat die man wat haar man (Mustafa Shakir) se dood veroorsaak het tot verantwoording wil bring.

Dit, kortliks, is die storie van die fliek.

Daar is egter 'n tweede storie. Dit is ons aksieheld se laaste fliek. 'n Ander soort sluipmoordenaar het die beheer oor Willis se kognitiewe funksies oorgeneem.

Nie deur 'n mikroskyfie nie. Nie-behandelbare demensie is by hom gediagnoseer.

Die probleem met demensie - ek is nie 'n dokter nie, dit is my waarneming en gegrond op wat ek lees - is dat die persoon nie vir haar- of homself kan optree nie. Die sieke raak 'n gevangene, vasgevang in 'n liggaam wat andersins dalk heel sterk en gesond kan wees.

Nie net dit nie, die een wat na die sieke moet omsien, word eweneens gevange geneem deur die toestand, want die siek persoon het heeltyds aandag nodig.

Ek sien dit. My eie suster is onlangs gediagnoseer. So ook 'n vriend se skoonsuster. En die vrou van 'n leser wat die afgelope week aan my geskryf het. En baie ander waarvan ek hoor en ek glo lesers ook.

Uit 'n finansiële-beplanningsoogpunt is ek ook al die vraag gevra: Hoe kan 'n mens voorsorg tref, sou jy so 'n siekte opdoen? Hier is my gedagtes.

### Mediese skema

Maak seker jy is lid van 'n mediese skema. Kies die beste opsie wat beskikbaar is. Behandeling vir demensie en sy ewe donker suster, Alzheimer se siekte, is duur.

Jy kan vir die grootste deel van elke dag 'n oppasser nodig hê. Mediese skemas, as jy die top-opsie het, betaal hiervoor. Anders gaan 'n familielid die rol moet oorneem. Die persoon sal nie 'n inkomste kan verdien nie, want hy of sy moet jou oppas. Boonop hou dit hom of haar ook in jou tronk gevange.

Vergeet van goedkoop hospitaalplanne. Kies jou medieseskema-voordele verstandig.

## Belangrike feite oor jou testament

Die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) het 'n aantal vereistes waaraan 'n dokument moet voldoen voordat dit as 'n geldige testament beskou sal word. Daar is ook ander reëls wat bepaal hoe jou goed gaan vererf.

Hier is van die belangrikste punte:

- Elkeen oor 16 jaar mag 'n testament opstel, tensy die persoon ten tyde van die opstel van die testament geestelik gestrem is in so 'n mate dat hy of sy nie die gevolge daarvan kan verstaan nie;
- 'n Testament moet aan die einde onderteken word deur die testateur of, as hy of sy nie fisiek kan nie, in sy of haar teenwoordigheid deur 'n ander persoon in die teenwoordigheid van twee getuies wat terselfdertyd teenwoordig is;
- As die testament meer as een bladsy beslaan, moet dit eweneens deur die testateur of die ander persoon op enige plek op daardie ander bladsye onderteken word;
- Enigeen wat as getuie teken, moet minstens 14 jaar oud wees en nie onbevoeg wees om in 'n hof te getuig nie;
- Enigeen wat as getuie 'n testament onderteken, is gediskwalifiseer om bevoordeel te word uit die testament, tensy 'n hof anders bepaal; en
- Dit is belangrik om by egskeiding so gou moontlik 'n nuwe testament op te stel, veral binne drie maande.

### Versekering

Ek is 'n groot voorstander van gevreesdesiektedekking. Die meeste sal uitbetaal vir demensie of Alzheimer se siekte.

Maar maak seker. Ek het al 'n poliskontrak gesien wat dekking bied teen demensie, maar net tot op ouderdom 65.

Nou vra ek jou, wanneer is jou risiko die grootste?

'n Vriend se ma het etlike jare in haar donker wêreld geleef voordat sy dood is.

'n Polis wat uitbetaal, kan jou naasbestaandes van finansiële ondergang red.

Dit wat betref produk-oplossings vir die geldprobleem wat deur demensie geskep word. Die probleem strek egter baie wyer en daarom moet daar ook ander faktore in die plan ingewerk word.

> **'n Trust sou die logiese oplossing wees.**

### Volmag

Dit help nie jy teken vooraf 'n volmag oor aan iemand om namens jou op te tree nie. Kragtens wet verval 'n volmag die oomblik wanneer die persoon nie meer handelsbevoeg is nie.

### Testament

Die leser na wie ek hierbo verwys, vra hoe raak dit hul gesamentlike testament noudat sy vrou demensie het.

Haar testament bly geldig. Sy kan egter nie 'n nuwe testament opstel as sy nie regsbevoeg is nie. En dis dalk nog 'n rede waarom 'n mens jou testament gereeld moet bywerk. Maar, vra hy, wat van hom, wat as hy voor haar doodgaan?

My voorstel is dat hy 'n eie nuwe testament opstel waarin hy dit wat hy aan haar bemaak, eenvoudig na 'n testamentêre trust laat vererf vir haar versorging.

Dit vervang nie hul gesamentlike testament nie en as sy voor hom doodgaan, sal haar testament geldig wees.

Maar as hy voor haar doodgaan sal sy laaste testament geldig wees en sy vrou is versorg.

### Kurator

Die aanstel van 'n kurator om namens die siek persoon op te tree, kan in baie gevalle die beste oplossing wees. Veral waar die persoon 'n eie bankrekening of beleggings van sy of haar eie het.

### Trust

Ek het hierbo genoem van 'n testamentêre trust. 'n Trust in lewe is 'n verdere goeie opsie.

As dit reg hanteer word.

Beheer oor jou bates setel in die trustee en is 'n opsie om te oorweeg as jy wil voorsiening maak teen die risiko van demensie of enige ander toestand wat jou vermoëns om te handel raak.

Ten minste had jy dan die keuse oor wie beheer oor jou goed gaan hê as jy self die trustee kan aanstel.

Trustbeplanning is 'n baie gespesialiseerde vakgebied.

Om 'n trust te skep is maklik. Om verby al die burokratiese en ander verpligtings te kom, veral met die nuwe spul regulasies wat pas afgekondig is, is 'n totaal ander wêreld.

So 'n trust sal uiteraard kwalifiseer as 'n spesiale trust vir belastingdoeleindes.

### Versekeringsgeld

My probleem met die uitbetaal van polisgeld vir gevreesde-siektedekking teen demensie of Alzheimers is nog altyd dat dit uitbetaal aan die siek persoon.

En die siek persoon is nie handelsbevoeg nie.

'n Trust sou die logiese oplossing wees. Maar dit, soos om vir enige finansiële risiko voorsiening te maak, verg tydige beplanning.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.